

Breyten Breytenbach se vroeë en tronkpoësie: 'n vergelykende stilistiese ondersoek

Anke van der Merwe

Anke van der Merwe, Departement Afrikaans en Nederlands, Universiteit Stellenbosch

Opsomming

Hierdie artikel spruit uit die voortgaande navorsing vir my doktorale studie. Vir die doeleindes van die groter studie word Breytenbach se volle Afrikaanse poëtiese oeuvre in vier tydperke verdeel wat met mekaar vergelyk word om vas te stel of tekens van laatwerk opgemerk kan word, en indien wel, as watter soort laatwerk sy latere oeuvre getipeer kan word. Kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsingsmetodes word gebruik om Breytenbach se oeuvre aan die hand van drie parameters (styl, identiteit en tema) te ondersoek. Die kwantitatiewe ontledings word met behulp van 'n korpusprogram (LancsBox) gedoen.

Dié artikel fokus op 'n fassinerende verskynsel wat ten opsigte van die eerste parameter opgemerk is, naamlik dat daar aansienlike stilistiese verskille is tussen die eerste twee fases van Breytenbach se oeuvre: die vroeë poësie (A) (1964–1974) en die tronkpoësie (B) (1975–1987). Hierdie verskille is groter as dié wat daar tussen sy vroeëre en latere werk is. Die ses stylelemente waarop hierdie artikel fokus, is onkonvensionele skryfwyse, nuutskeppings, interpunksie, lengte van gedigte, sowel as strofepbou en tipe-teken-ratio. My doel is om die verskille te beskryf en te ontlee, en moontlike redes daarvoor voor te stel.

Daar is bevind dat die twee tydperke aansienlike verskille in styl toon. Met betrekking tot die onkonvensionele skryfwyse is daar by die kwantitatiewe datastel gevind dat die aantal verskynsels ooreenstem, maar nie die inhoud van elk nie. Temas verskil en elke subkorpus het sy eie tendens. By die kwalitatiewe data bevat die vroeëre poësie meer onkonvensionele verskynsels in die gedigte self, terwyl die tronkpoësie weer meer onkonvensionele gedigtitels bevat. In sy vroeë poësie munt Breytenbach nuutskeppings wat grootliks te make het met die liggaam, terwyl die natuur weer in die tronkpoësie ter sprake kom. Subkorpus B (tronkpoësie) bevat baie meer interpunksie wat by die sleutelwoorde-in-konteks voorkom as subkorpus A (vroeë poësie). Ten opsigte van die strofepbou behels tydperk A (vroeëre poësie) meer vrye vers en tydperk B (tronkpoësie) meer paarrym. Daar is dus meer vaste rymskemas tydens die tronkperiode gebruik. Breytenbach het in tydperk A 'n groter verskeidenheid in gediglengte geskep

as in tydperk B. In beide tydperke is daar wel 'n groot verskeidenheid in gedig lengte. Die tipe-teken-ratio wys dat subkorpus B leksikaal ryker is as subkorpus A. Ek bespiegel aan die einde van hierdie artikel dat daar moontlik sprake is van twee soorte laatwerk in Breytenbach se poëtiese oeuvre.

Trefwoorde: Afrikaanse poësie; Breyten Breytenbach; korpus; laatwerk; styl; tronkpoësie; vroeë poësie

Abstract

Breyten Breytenbach's early and prison poetry: a comparative stylistic analysis

This article stems from the ongoing research of my doctoral study. For the purposes of the larger study, Breytenbach's entire Afrikaans poetic oeuvre is divided into four periods and compared to determine if signs of late style can be identified, and if so, which late style his later oeuvre can be typified as. Qualitative and quantitative research methods are used to examine Breytenbach's oeuvre in terms of three parameters (style, identity and theme). The quantitative analysis is done with the help of a corpus programme (LancsBox).

Breytenbach's oeuvre is divided into four periods, namely *early*, *prison*, *post-prison* and *later* poetry. I created a Breytenbach subcorpus of each period and these periods consist of the following publications:

- 1.1 subcorpus A: *Ysterkoei-blues* 1964–1975 [2001]
- 1.2 subcorpus B: *Die ongedanste dans: Gevangenisgedigte* 1975–1983 [2005] saam met *Die singende hand: Versamelde gedigte* 1984–2014 [2016] from p. 21 to 80
- 1.3 subcorpus C: *Die singende hand* from p. 81 to 301
- 1.4 subcorpus D: *Die singende hand* from page 302 to 726 with *op weg na kû* [2019]

In the larger study, each research question will be applied to each period and a comparative approach will be followed. The conclusions of A will therefore be compared with B, A with C, A with D and then B with C, B with D and C with D. In this article only the conclusions of A and B are compared. Following these separate comparisons, an overall conclusion will be drawn to determine whether the hypothesis (that the late style theory applies to Breytenbach's Afrikaans poetry) can be proven or rejected. The late work phase (1999–present) carries more weight, and the early phases will be analysed to highlight the possible late work of the later phase in the larger study.

This article focuses only on Breytenbach's early and prison poetry, as the data from these two periods show the most differences compared to the other two periods. This article focuses on an interesting phenomenon that was noticed regarding the first parameter, namely that there are considerable stylistic differences between the first two phases of Breytenbach's oeuvre: the early poetry (A) (1964–1974) and the prison poetry (B) (1975–1987). These differences are greater than the differences between the early and the later work. My aim is to describe and analyse the differences and suggest possible reasons for them.

The six style elements discussed in this article are unconventional writing, innovations, punctuation, length of poems, stanza construction and type-sign ratio. A preliminary study was done for the thesis and these six stylistic categories for the investigation stem from it.

Late style (a term derived from Theodor W. Adorno's original German "Spätstil") is the work that artists produce near the end of their lives, and is accompanied by intense "intimations of mortality", such as that of Wolfgang Amadeus Mozart (1756–1791) in his thirties (Said 2006:xiii in Van Vuuren 2011:463). My hypothesis is that there is a shift in the direction of late work in the Afrikaans poetry of Breyten Breytenbach.

There are four types of late style according to Lourens (2017:80):

- 2.1 serenity, acceptance and transfiguration;
- 2.2 fragmentation, exile and insufficient coherence;
- 2.3 resurrection;
- 2.4 fellow humanity, coherence, freedom, transformation and transcendence.

In this article, only the first two periods are looked at, as there is a shift in the data from the first to the second period. The last two periods again show more similarities, but also do not share the conclusion of the first two periods.

In this article, Breyten Breytenbach's early poetry and prison poetry are compared in terms of style within six categories: unconventional writing style, innovations, punctuation, length of poems, stanza structure, and type-token ratio. The two periods were found to show considerable differences in style. Breytenbach's corpus changes shape as his poetic focus, biographical circumstances and state of mind change (Tait and Van Vuuren 2017), and the data from the comparison of the two periods confirms this.

It's concluded from the unconventional writing style that although the number of phenomena is consistent with the quantitative data set, the content of the phenomena is quite different. There are differences in themes and each subcorpus has a unique trend or pattern. In the qualitative data, period A has more unconventional typography, while period B contains more unconventional poem titles.

In relation to the innovations that Breytenbach came up with, a trend was noticed in the quantitative data that in both subcorpora he mostly uses nature as a theme. It was found that period B contains many more new creations than period A. Period A is thematically mostly about the body, while period B mostly has to do with nature.

In subcorpus B there is much more punctuation in the key word in context (KWIC) than in subcorpus A. KWIC is a method of showing a search term or node word in the context of a text. This typically indicates that the node is centred in a table, with columns to its left and right displaying co-text. "Key word" in this context refers to "search term," not "keyword". The KWIC in both corpora that has the most punctuation next to it is "I". In terms of the stanza structure, period A contains more free verse and period B more use of the couplet. This means more fixed rhyme schemes were used during the prison period, which reflects Breytenbach's confinement (Van Vuuren 2006a). Periods A and C are the most similar in terms of free verse, while periods B and D are similar in terms of couplet use.

Breytenbach uses a greater variety in poem length in period A than in period B. Period B's works have been described as obscure and impenetrable, and the long poems may possibly contribute to these observations. The type-token ratio shows that subcorpus B is lexically richer than subcorpus A. The use of many different words may also contribute to the obscurity and impenetrability of the prison period, similar to the influence of poem. The fact that there are also so many more innovations in the prison poetry than in the earlier poetry contributes to the lexical richness of the second phase. This change in lexical richness is important, as it shows the transformation that occurs in Breytenbach's poetic oeuvre. Transformation is key to late style.

There are four types of late style and I suspect that Breytenbach's poetic oeuvre may display elements of the second and fourth type of late work. There are elements of fragmentation, exile and insufficient coherence (second type), as well as humanity, freedom and transformation (fourth type) in his oeuvre. The comparison of the stylistic elements of the early and prison poetry shows how trapped Breytenbach was in prison, but also how it contrasts with the freedom he had before the prison phase. Since his oeuvre is so large and spans such a long period of time, I suspect that it is quite possible that more than one type of late style may apply.

Keywords: Afrikaans poetry; Breyten Breytenbach; corpus; early poetry; late work; prison poetry; style

1. Inleiding

Hierdie bespreking vorm deel van my doktorale studie. Die groter studie behels die vergelyking van verskillende tydperke in Breyten Breytenbach se Afrikaanse poësie om vas te stel of daar tekens van laatwerk in sy oeuvre is, en indien wel, watter soort laatwerk. *Laatwerk* ('n term afgelei uit Theodor W. Adorno se Duitse woord vir werke in *spät Stil*) is die werk wat kunstenaars voortbring digby die einde van hulle lewens, en gaan gepaard met intense "intimations of mortality", soos dié van Wolfgang Amadeus Mozart (1756–1791) in sy dertigerjare (Said 2006:xiii in Van Vuuren 2011:463). My hipotese is dat daar 'n verskuiwing is in die rigting van laatwerk in die Afrikaanse poësie van Breyten Breytenbach.

Daar is vier soorte laatwerk volgens Lourens (2017:80) en hulle kenmerke is:

1. sereniteit, aanvaarding en transfigurasie;
2. fragmentasie, ballingskap en onvoldoende samehang;
3. herryse;
4. medemenslikheid, samehang, vryheid, transformasie en oorskryding.

Drie parameters word in die groter studie gebruik om die hipotese te ondersoek, naamlik styl, identiteit en tema, maar in hierdie artikel sal daar slegs op styl gefokus word. Breytenbach se oeuvre word volgens vier tydperke verdeel: vroeë poësie, tronkpoësie, ná-tronkpoësie en latere poësie. In hierdie bespreking is die fokus slegs op Breytenbach se vroeë en tronkpoësie, aangesien dié twee tydperke se data die meeste verskille vertoon, vergeleke met die ander twee tydperke. Die metodologie sluit kwalitatiewe en kwantitatiewe metodes in, waarvan die kwantitatiewe metodes gebaseer is op korpuslinguistiek.

Tydens die navorsingsproses tot dusver is daar reeds besliste verskille en ooreenkomste ten opsigte van styl by die vroeë poësie en tronkpoësie opgelet. Die doel van hierdie navorsing is om die verskille en ooreenkomste uit te lig en moontlike verklarings daarvoor te gee. Die ses styl-elemente wat in hierdie artikel bespreek word, is onkonvensionele skryfwyse; nuutskappings; interpunksie; lengte van gedigte; strofepbou; en tipe-teken-ratio (TTR). Daar is 'n voorafstudie vir die proefskrif gedoen en hierdie ses stilistiese kategorieë vir die ondersoek spruit daaruit.

2. Breytenbach se oeuvre en vorige navorsing

Tait en Van Vuuren (2017) identifiseer vier fases in Breytenbach se poëtiese oeuvre: die vroeë fase (voor-tronkfase) (1964–1974: sewe digbundels), tronkfase (1975–1987: vyf digbundels), ná-tronkfase (1988–1998: vier digbundels) en laatwerkfase (1999–tans: sewe digbundels). In hierdie artikel sal slegs die eerste twee fases ondersoek word. Tussendeur word versamelbundels deur uitgewers – *Ysterkoei-blues* (2001) (Versamelde gedigte 1964–1975), *Die ongedanste dans* (2005) (Gevangenisgedigte 1976–1983) en *Die singende hand* (2016) (Versamelde gedigte 1984–2014) – ook uitgegee, sowel as tematiese bundels, soos *Rooiborsduif: gedigte oor die liefde*, saamgestel deur Charl-Pierre Naudé (2019). Breytenbach is steeds aan die skryf en publiseer sy nuutste bundel in 2021, getiteld *Hokhokaai – Fragmente*.

Breytenbach se debuutverse was volgens Van Vuuren (2006b:280) “méns-gerig en surrealisties, skroomteloos ‘ek’-gerig en outobiografies: ‘Dames en Here, vergun my om u voor te stel aan Breyten Breytenbach/die maer man met die groen tuin [sic]: hy is vroom/ en stut en hamer sy langwerpige kop om vir u’n gedig te fabriseer ...’, heet dit in Breytenbach se eerste gedig, ‘bedreiging van die siekes’ (Breytenbach, 1964)”. Van Vuuren (2006a:47) skryf verder: “Esteties beoordeel is sy vroeëre werk die sterkste” en “die debuutbundel bring ’n radikale breuk met bestaande Afrikaanse poëtikale tradisies, veral met Van Wyk Louw en Opperman”. Van Vuuren (2006a:47) sê: “Die digbundels wat tussen 1964 en 1973 verskyn, toon telkens verrassende vernuwing in tema, inslag, en vormgewing” en daar is “’n outobiografiese inslag in *Ysterkoei*, liefdes- en erotiese verse in *Lotus*, Zenboeddhistiese gedigte in *Met ander woorde*, politieke strydverse en satire in *Skryt*”. *Voetskrif* bevat nog liriese, toeganklike en helder verse en dit is duidelik dat dit voor die inhegtenisneming geskryf is. Breytenbach se poëtiese korpus verander van gedaante saam met die veranderende digterlike fokus, biografiese omstandighede en gemoedstoestande (Tait en Van Vuuren, 2017:150).

Volgens Van Vuuren (2006a:47) is die tronkbundels “minder toeganklik, geneig tot obskureiteit, met ’n besonder hoë frekwensie dig-verweefde intertekstualiteit, met dikwels, vir die Afrikaanse leser, obskure verwysings”. Die bundel *Die ongedanste dans* (1975–1983) bevat meer as 400 Afrikaanse gedigte wat Breytenbach tydens die sewe jaar in die tronk geskryf het. *Die ongedanste dans* (1975–1983) bestaan uit vyf gesamentlike bundels: *Voetskrif* (1976), *Lewendood* (1985), *Buffalo Bill* (1984), *Eklips* (1983) en (*Yk*) (1983). Van Vuuren (2006a:47) let op die vormlike aspekte van die tronkbundels: Daar “word onder andere gespeel met tradisionele vorme soos die sonnet, wat met sy voorgeskrewe reëls die ingeperktheid en van buite-opgelegde dissipline van die tronk weerspieël”. Volgens Tait en Van Vuuren (2017:163) is “heelwat van die tronkgedigte se eiesoortige kenmerke (soos soms ’n intense graad van ondeurdringbaarheid, en andersyds ’n sekere afstandelikheid) [...] waarskynlik te wyte aan die tronk-ruimte en -omstandighede waarin hulle ontstaan het”, en ook aangesien sy werk aan die gevangenisowerheid oorhandig moes word en eers met sy vrylating aan hom terugbesorg is.

Helize van Vuuren bied in 2006 'n deeglike oorsig van Breytenbach se poëtiese oeuvre. Dit is egter verouderd, aangesien sy byvoorbeeld noem dat Breytenbach nie meer in sy moedertaal dig nie. Van Vuuren (2006a:48) sê: “Die kommunikasiekanaal is verstopt, die paradys se hekke is toegeklap, in Breytenbach se geval deur selfonthouding van die moedertaal”. Sedertdien het Breytenbach wél weer in sy moedertaal begin skryf. Haar bespreking is egter steeds relevant en ek verwys deurgaans in hierdie navorsing daarna.

Tait en Van Vuuren het ook in 2017 'n waardevolle bydrae gelewer wat betref die bespreking van Breytenbach se poëtiese oeuvre. Hulle het sy oeuvre in vier tydperke verdeel en 'n belangrike patroon geïdentifiseer: die verjaardagversritueel. Die fokus was egter net op die werk vanaf 1964 tot 2014 en die bundels van die afgelope dekade moet dus beskou word ten opsigte van dié belangrike waarneming. Tait en Van Vuuren (2017:150) sê dat die verjaardagversritueel 'n subgenre in sy werk is: “Meestal is dit gedigte om sy eie verjaardag te vier, en in enkele gevalle is daar ook gedigte binne hierdie sub-genre aan iemand anders gerig, soos sy vrou, familielede of vriende”. 'n Verdere belangrike opmerking deur Tait en Van Vuuren (2017:150) is dat Breytenbach se korpus van gedaante verander “saam met die veranderende digterlike fokus, biografiese omstandighede en gemoedstoestande”. Dit is dus verdere motivering vir die ontleding van sy oeuvre en die vergelyking van die vier tydperke. Hulle maak ook belangrike afleidings uit Breytenbach se werk met betrekking tot laatwerk, wat die fokuspunt van my groter studie is, byvoorbeeld: “Die dood as tema is dus sentraal in Breytenbach se poësie van die begin tot die einde van die oeuvre, maar tog wel met 'n verandering merkbaar in die stygende lyn en die andersoortige beskouinge in die laatwerk, ook in die laaste bundel van die aard van die hiernamaals” (Tait en Van Vuuren 2017:186).

In 1988 voltooi Louise Viljoen haar PhD getiteld *Breyten Breytenbach se ('Yk')*: 'n Semiotiese ondersoek. Sedertdien het sy verskeie belangrike akademiese bydraes gelewer ten opsigte van Breytenbach se oeuvre, en *Die mond vol vuur* (2014) deur Viljoen is baie belangrik vir die groter studie. Daar word onder andere geskryf oor Breytenbach se gebruik van eiename, die gebruik van *ek* en sy verhouding met Afrika. Inligting oor al drie parameters van die groot studie word in die boek gevind. Viljoen (2014) skryf verder oor Breytenbach se verhouding met sy verskillende vaderfigure, oor die leser in Breytenbach se poësie, oor hoe ander Afrikaanse digters in gesprek tree met Breytenbach se poësie en met hom as digter, sowel as oor Breytenbach se nie-poëtiese werke. Die boek is egter ook amper 'n dekade oud en my navorsing sal help om bygewerkte data te verskaf.

Francis Galloway publiseer in 1990 'n seminale werk getiteld *Breyten Breytenbach as openbare figuur*, wat gebaseer is op haar proefskrif, waarin sy 'n gedetailleerde geskiedenis van Breytenbach se lewe en werke bied. In latere jare sou sy nog werke oor Breytenbach publiseer wat hom as persoon en sy oeuvre deeglik bespreek, naamlik “‘Ek is nie meer een van ons nie’: Breyten en die volk” (Galloway 2004) en “Grepe uit die uitgegeskiedenis van Breyten Breytenbach” (Galloway 2012).

3. Korpuslinguistiek en metodologie

Die term *korpus* soos dit in die moderne taalkunde gebruik word, kan die beste gedefinieer word as 'n versameling van steekproeftekste, geskrewe of gesproke, in 'n masjienleesbare vorm wat met verskillende vorme van taalkundige inligting geannoteer kan word (McEnery,

Xiao en Tono 2006:7). Volgens Sinclair (1996 in McEnery, Xiao en Tono 2006:7) is 'n korpus 'n versameling stukke taal wat volgens eksplisiete taalkriteria gekies en georden word om as voorbeeld van die taal gebruik te word. Korpusse word met 'n spesifieke doel in gedagte geskep en dan dikwels om as (informeel gesproke) *voorstelling* van 'n taal of tekstipe te dien (Leech in McEnery, Xiao en Tono 2006:4). Korpusse word dus met 'n doel geskep en dit is wat dit anders maak as net saamgestelde tekste.

Die groter PhD en dus ook hierdie artikel behels 'n diakroniese korpusondersoek en volg 'n korpusgebaseerde benadering. 'n Korpusgebaseerde ontleding ondersoek 'n korpus met die primêre doel om bestaande taalkundige hipoteses of teorieë te toets (Ngula 2018:208). Aan die ander kant is daar nie enige bestaande teorieë of hipoteses van toepassing by 'n korpusgedrewe ontleding nie: "It aims to allow the corpus itself to drive the research and for the analyst to observe what is salient to explore in the corpus" (Ngula 2018:208).

Daar is verder twee soorte korpusse, naamlik algemene en gespesialiseerde korpusse. Die algemene korpus dien gewoonlik as basis vir 'n omvattende beskrywing van taal of taalvariëteit (McEnery, Xiao en Tono 2006:15). 'n Gespesialiseerde korpus kan domein- of genre-spesifiek wees en is ontwerp om 'n subtaal voor te stel, maar kan ook uit 'n algemene korpus gehaal word (McEnery, Xiao en Tono 2006:60,61). In hierdie studie is daar 'n subkorpus uit die groot Taalkommissie-korpus (TK-korpus) geneem wat dien as die algemene korpus, oftewel verwysingskorpus. Die gespesialiseerde korpus is die Breytenbach-korpus wat ek geskep het, wat dan verder in vier subkorpusse verdeel is (volgens tydperke). Die algemene korpus se eienskappe is gevolglik nie van toepassing nie – dit word eerder as gereedskap gebruik, aangesien die korpusprogram LancsBox slegs die algemene korpus sal aanwend om kenmerke (sleutelwoorde-in-konteks (SWIK)-reëls spesifiek) te identifiseer.

Die TK-korpus wat deur die Taalkommissie van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns geskep is, is 'n groot versameling tekste wat geskrewe Afrikaans verteenwoordig. In totaal bevat die korpus tans ongeveer 57 miljoen woorde, en sluit die volgende registers in: fiksie (kortverhale en romans); koerante (dagblaaie en Sondagkoerante); tydskrifte (algemeen / gesinstydskrifte en vrouetydskrifte); populêre boeke (subkategorieë: algemeen, finansies, godsdienstig, kuns en kultuur, leefstyl, sport en ontspanning, tegnologie, vroue); administratiewe tekste (notules van vergaderings); en akademiese tekste (vakwetenskaplike artikels, proefskrifte en verhandelings en universiteitstudiegids) (Van Rooy en Kruger 2016:109).

Afrikaanse studies oor korpusse wat noemenswaardig is, is eerstens van Bosman (2015) getiteld "EET en DRINK in Afrikaans – 'n leksikaal-semantiese ondersoek", wat aansluit by die studie van Taljard en Bosman (2014) waarin die interkulturele variasie tussen Noord-Sotho en Afrikaanse EET-metafore ondersoek word en hierop uitbrei deur DRINK-metafore te ondersoek. Twee groot korpusse is vergelyk: die Universiteit van Pretoria se Afrikaanse Korpus en die TK-korpus. Hierdie studie wys dus dat die TK-korpus as verwysingskorpus gebruik kan word, net soos in my navorsing.

Bosman (2020:403) publiseer ook "Bewegingswerkwoorde in Van Wyk Louw se poësie" en daarin het sy twee maniere van ontleding gebruik: "die hele oeuvre is eers deurgelees en opvallende aspekte van beweging en/of stilte is aangeteken" en "daarna is 'n korpus saamgestel en 'n woordlys aangevra met behulp van WordSmith Tools". Ek het ook in my metodologie

eers die volle oeuvre van Breytenbach gelees en kenmerke aangeteken in die voorafstudie van die proefskrif.

Nel en Olivier (2018) se studie “Multimodale idiolektiese taalgebruik en skrywerskap-verifikasie: ’n korpusontleding van Joan Hambidge se idiolek oor die grense van genres” is ook van belang vir my navorsing. Die TK-korpus is weer eens as verwysingskorpus gebruik en “is gebruik om te bepaal of die idiosinkratiese kenmerke wat uit die Hambidge-korpus verkry is, wel uniek aan Hambidge se idiolek was” (Nel en Olivier 2018:382). Frekwensies en tipe-teken-ratio was van kritieke waarde in Nel en Olivier (2018) se metodologie, en dit sal ook die geval wees in my studie.

Breytenbach se poësie is na aanleiding van Tait en Van Vuuren (2017) in vier tydperke verdeel: vroeë poësie (A), tronkpoësie (B), ná-tronkpoësie (C) en latere poësie (D). Uit elke tydperk word ’n subkorpus, oftewel ’n gespesialiseerde korpus, geskep wat met die verwysingskorpus (TK-korpus) vergelyk word; dus subkorpus A, subkorpus B, ensovoorts.

Die korpusprogram wat gebruik word is LanksBox, wat afkomstig is van Lancaster University in Engeland. Een van die voordele van die gebruik van LanksBox as korpusnavraagsagteware is dat navorsers hulle eie korpusse kan oplaai.¹ Boonop is die etiketteringstel (*tagset*) van Afrikaans ook binne die program beskikbaar. Dit beteken dat woordsoortkategorieë as deel van die navraagresultaat ’n opsie is.

Die vier Breytenbach-subkorpusse (wat ek self geskep het) en die bundels waaruit hulle bestaan, is:

1. subkorpus A: *Ysterkoei-blues 1964-1975* (2001);
2. subkorpus B: *Die ongedanste dans: gevangenisgedigte 1975-1983* (2005), saam met *Die singende hand: versamelde gedigte 1984-2014* (2016) vanaf bladsy 21 tot 80;
3. subkorpus C: *Die singende hand: versamelde gedigte 1984-2014* (2016) vanaf bladsy 81 tot 301;
4. subkorpus D: *Die singende hand: versamelde gedigte 1984-2014* (2016) vanaf bladsy 302 tot 726 saam met *die na-dood* (2016) en *op weg na kû* (2019).

Elke navorsingsvraag gaan op elke tydperk in die groter studie toegepas word en ’n vergelykende werkwyse sal gevolg word. Die gevolgtrekkings van A gaan dus met B vergelyk word, A met C, A met D en dan B met C, B met D en C met D. In hierdie artikel gaan slegs die gevolgtrekkings van A en B vergelyk word. Na aanleiding van hierdie afsonderlike vergelykings sal ’n algehele gevolgtrekking gemaak word om te bepaal of die hipotese (dat die laatwerkteorie van toepassing is op Breytenbach se Afrikaanse poësie) bewys of verwerp kan word. Die laatwerkfase (1999–tans) dra wel meer gewig en die vroeë fases sal veral ontleed word om die latere fase se moontlike laatwerk in die groter studie uit te lig. Die studie is ’n gemengdemetode-ontwerp, wat oorwegend kwantitatiewe en aanvullende kwalitatiewe metodes insluit. By die kwantitatiewe data word subkorpus A en subkorpus B gebruik, terwyl daar by die kwalitatiewe data gebruik gemaak word van tydperk A en tydperk B.

Vir die kwalitatiewe ontleding is die bundels en gedigte wat vir ontleding gekies is volgens ’n eenvoudige ewekansige steekproefneming geïdentifiseer. Eenvoudige ewekansige steekproefneming sorg dat elke element ’n gelyke kans het om as deel van die steekproef gekies te word (Joubert, Hartell en Lombard 2016:263). Eerstens is die bundels in elke tydperk genommer

volgens die uitgedatum en in 'n lys op Microsoft Excel ingevoeg. Daarna is die *randomised*-funksie gebruik om die lys in 'n lukrake volgorde te plaas. Die eerste bundel uit elke lys word vir ontleding gebruik. Daarna is dieselfde proses met die gedigte uit elke gekose bundel gevolg om die top-20-gedigte te kies wat ondersoek word.

Die bundels wat kwalitatief ontleed is, is die volgende:

1. tydperk A (vroeë poësie): *Met ander woorde: Vrugte van die droom van stilte* (1973);
2. tydperk B (tronkpoësie): (*'Yk'*) (1983);
3. tydperk C (ná-tronkpoësie): *Papierblom (72 gedigte uit 'n swerfjoernaal)* (1998);
4. tydperk D (latere poësie): *op weg na kû* (2019).

In hierdie artikel is die volgende subkorpusse en tydperke se data gebruik:

1. subkorpus A: *Ysterkoei-blues 1964–1975* [2001];.
2. subkorpus B: *Die ongedanste dans: Gevangenisgedigte 1975–1983* [2005] moet op sy eie beskou word saam met *Die singende hand: Versamelde gedigte 1984–2014* [2016] vanaf bladsy 21 tot 80;
3. tydperk A (vroeë poësie): *Met ander woorde: Vrugte van die droom van stilte* (1973);
4. tydperk B (tronkpoësie): (*'Yk'*) (1983).

4. Oorsig oor die groter stilistiese ondersoek

Die data van die stylelemente – onkonvensionele skryfwyse, nuutskeppings en interpunksie – is kwantitatief en kwalitatief verkry. Die data van die strofebou is slegs kwalitatief verkry en die tipe-teken-ratio slegs kwantitatief, aangesien dit 'n funksie op LancsBox is. Die lengte van gedigte is op kwantitatiewe wyse bepaal, maar ek het dit met die hand getel. Die elemente wat ondersoek is, het ek in 'n voorafstudie verkry.

By die onkonvensionele skryfwyse, nuutskeppings en interpunksie is sleutelwaarde baie belangrik. LancsBox ken 'n sleutelwaarde toe deur middel van die Chi-kwadraattoets om sleutelwoorde te identifiseer. 'n Sleutelwoord kom meer gereeld voor in 'n teks of korpus wat bestudeer word as in die (groter) verwysingskorpus. Wanneer die Breytenbach-subkorpus saam met die TK-korpus (verwysingskorpus) se subkorpus op LancsBox geplaas word, word daar 'n lys saamgestel met die woorde gelys vanaf die hoogste en laagste sleutelwaarde. Uit die lys met die hoogste sleutelwaardes ("positive keywords") het ek 'n top-20-sleutelwoordelys saamgestel en na hierdie lys van 20 woorde se konkordansiereëls gekyk om die interpunksie te identifiseer. In die artikel gebruik ek *SWIK* (sleutelwoorde-in-konteks) om na hierdie proses te verwys.

By die onkonvensionele skryfwyse en nuutskeppings is daar op LancsBox die verstelling op die sleutelwoordelys gemaak dat die program die frekwensie moet wys van die TK-korpus se subkorpus vanaf laagste na hoogste. Wat hierdie verstelling dus vir ons gee, is die woorde wat in die Breytenbach-subkorpus voorkom en nie in die TK-korpus se subkorpus nie, maar wat steeds 'n hoë sleutelwaarde het. Uit hierdie lys het ek 60 voorbeelde van onkonvensionele skryfwyse geïdentifiseer, sowel as 'n lys van 60 nuutskeppings of nuwe samestellings. Die twee lyste kan dus tegnies by sommige woorde oorvleuel, maar ek het dit nie laat oorvleuel nie.

Die kriteria vir onkonvensionele skryfwyse behels dat die woord of spesifieke skryfwyse eerstens nie in die TK-korpus voorkom nie. Dit is dus reeds 'n aanduiding dat die woord of skryfwyse nie oor die algemeen gebruik word nie, aangesien die TK-korpus verteenwoordigend is van die algemene gebruik van Afrikaans. Tweedens verskyn die woord of skryfwyse nie in Pharos Aanlyn of die Woordeboek van die Afrikaanse Taal (WAT) nie. Ek het dus die woorde en skryfwyses op LancsBox nagegaan en dit op die aanlyn weergawes van beide woordeboeke gesoek. As dit nie in die woordeboeke gevind is nie, het ek dit as onkonvensioneel gemerk. Dieselfde metodologie is vir nuutskeppings gevolg. Nuutskeppings is nuwe samestellings, afleidings en samestellende afleidings wat ook nie in die twee woordeboeke verskyn nie.

Die kriteria vir interpunksie was dat ek na die SWIK-reëls op LancsBox gekyk het en as daar interpunksie reg langs die SWIK verskyn het, het ek dit getel. Die lengte van gedigte word bepaal deur die aantal reëls in elke gedig, nie die aantal woorde nie.

Nel en Olivier (2018:398) verduidelik tipe-teken-ratio soos volg: “tipe-teken-ratio verwys na die leksikale variasie van die woordeskat van skrywers ... Indien skrywers dieselfde leksikale items (woordtipes) herhaaldelik gebruik, is die tipe-teken-ratio laag en die teks dus nie leksikaal ryk nie” (Anon. 2013 in Nel en Olivier 2018:398).

5. Stylelemente

5.1 Onkonvensionele skryfwyse

Uit die tabel van 60 woorde wat by die onkonvensionele skryfwyse se kwantitatiewedata-afdeling van die groter studie gevind is, is daar ses kategorieë geïdentifiseer waarin die woorde verdeel kan word. Die onkonvensionele skryfwyse is eers geïdentifiseer, waarna ek kategorieë geïdentifiseer het waarin hulle pas. Daardie verdelings word in die tabel hier onder gelys, met subkorpus A se woorde wat eerste verskyn, gevolg deur dié van subkorpus B.

Tabel 1. Onkonvensionele skryfwyses van subkorpus A en subkorpus B

Koppelteken	Afleidingsvorme	Intensiewe vorme	Alternatiewe spelling	Spreek-taal	Herhaling
Subkorpus A					
hier-natoe	nie-tweeledigheid	grasgeel	dinsdae	ekke	soek-soek
be-roemde	langneusigheid	blomgroen	blindeling	sêmaarso	suigsuig
hiér-kiep	gekabaai	kleefnat	iwat		
nie-tweeledigheid	vlerkende	mondrooi	ivas		
agterplaas-hek	drommende				
klip-seevaarders	gevuiste				
môresê-haan	verkragbare				
liggaam-pies	vastig				
dood-wees	speelseriger				
sy-ooitjie	skelettige				
skur-we	wurmige				
soek-soek	almenslike				

Koppelteken	Afleidingsvorme	Intensiewe vorme	Alternatiewe spelling	Spreek-taal	Herhaling
mens-waar	dungesuijde				
aak-lige	kwakeriger				
geen-geskiedenis-meer	alliteratiewe				
be-droefde	belusde				
mu-siekinstrumente	ontskulpdes				
ver-jaardag	allesversuipende				
kerk-klokke					
proefbuis-are					
skuil-hou					
vrou-behou					
een-loop					
ver-wag					
syn-is					
erd-wurms					
sien-en-sê					
hei-ning					
gor-rel					
ple-sier					
verlore-wees					
Totaal					
31	18	4	4	2	2
Koppelteken	Afleidingsvorme	Intensiewe vorme	Alternatiewe spelling	Spreek-taal	Herhaling
Subkorpus B					
sit-bid	verlêbare	muishonger	t-i-i-i-mm-be-e-errr	fokkin	lewe-lewe
bewe-gebewe	etiketters	heuning-bitter	dinousorus	vroe-iewers	praatpraat
is-heid	verspieël	silwernat	fokkin	sê-nou-net	skaamlaggielaggie
nie-assimilasie	ribriwwerig		intussen		klip-klip
jou-in-my	druppelend		af/geknip		is-is-spasie
klip-klip	lewerig		swaart		kielie-kielie-dood
ek-krisis	verbuiteliking		mededingters		wie-wie-wie
bielie-engel	gespiraal		ag(it)eer		lig-lig
lag-gil	gebuite		s(l)ak		
geen-verstand	toeskouendes				
wind-se-kos	wolkeloosheid				
nie-waarheid	verjarende				
is-is-spasie	gejammer				
kielie-kielie-dood	geparfumeerde				

Koppelteken	Afleidingsvorme	Intensiewe vorme	Alternatiewe spelling	Spreek-taal	Herhaling
berg-wat-oë-trek	gelappieskombers				
heuning-bitter					
ewig-enig					
ou-tapyt					
sy-slymeringe					
nie-verwagte					
ver-sin					
be-pynsing					
noem-maar-óp					
huid-ige					
wie-wie-wie					
verby-kierie					
oog-groter					
so-heid					
lig-lig					
Totaal					
29	15	3	9	3	8

Tabel 2. Samevatting: onkonvensionele skryfwyse van subkorpus A en subkorpus B

Verskynsel	Subkorpus A	Subkorpus B	Die korpus met die meeste verskynsels
Koppelteken	31	29	Subkorpus A
Afleidingsvorme	18	15	Subkorpus A
Intensiewe vorme	4	3	Subkorpus A
Alternatiewe spelling	4	9	Subkorpus B
Spreektaal	2	3	Subkorpus B
Herhaling	2	8	Subkorpus B

In hierdie afdeling stem die twee subkorpusse ooreen in dié sin dat die getalle van elke verskynsel na aan mekaar is. Daar is egter verskille by die spesifieke verskynsels. Subkorpus A bevat net-net meer verskynsels van koppeltekenwoorde (31) as subkorpus B (29) en net-net meer afleidingsvorme (18) as subkorpus B (15); subkorpus A bevat vier voorbeelde van intensiewe vorme en subkorpus B slegs drie; subkorpus A bevat net een minder voorbeeld van spreektaal (2) as subkorpus B (3). Die grootste verskil tussen die twee korpusse is ten opsigte van herhaling, waar subkorpus A slegs twee verskynsels het, teenoor subkorpus B wat agt verskynsels bevat. By die alternatiewe spelling is daar ook 'n groot verskil tussen die twee korpusse, aangesien subkorpus A slegs vier verskynsels bevat en subkorpus B nege verskynsels.

Wanneer daar dieper na die onkonvensionele verskynsels van woorde met 'n koppelteken gekyk word, verskil die twee korpusse aansienlik. Subkorpus A bevat grootliks verskynsels waar die koppelteken lettergrepe van woorde sal beklemtoon: *hei-ning*, *gor-rel*, *ple-sier*. Subkorpus A se

13 verskynsels staan in kontras teenoor subkorpus B se drie verskynsels. Subkorpus B bevat weer meer herhalings wat as een konsep geskryf word: *bewe-gebewe*, *kielie-kielie-dood* en *wie-wie-wie*.

By die tweede geïdentifiseerde kategorie, naamlik afleidingsvorme, is die gebruik van die voorvoegsel *ge-*opgelet. In subkorpus A verskyn twee voorbeelde: *gekabaai* en *gevuiste*, terwyl subkorpus B vyf voorbeelde bevat: *gespiraai*, *gebuite*, *gejammer*, *geparfumeerde* en *gelappieskombers*. Nog 'n interessante tendens wat by subkorpus B opgelet word, is die gebruik van die voorvoegsel *ver-*: *verlêbare*, *verspieël*, *verbuiteliking* en *verjarende*. Die gebruik van dié voorvoegsel kom nie voor in subkorpus A nie. 'n Tendens wat weer meer in subkorpus A verskyn, is die gebruik van agtervoegsels: *verkragbare*, *wurmrig* en *belusde*.

Die derde kategorie is intensiewe vorme wat deur Breytenbach geskep is. Daar is 'n duidelike tendens by subkorpus A se intensiewe vorme, aangesien drie uit die vier verskynsels kleure bevat: *grasgeel*, *blomgroen* en *mondrooi*. By al drie verskynsels word 'n duidelike beeld geskep, al is dit nie bestaande intensiewe vorme nie. Subkorpus B het slegs een verskynsel waar kleur voorkom: *silwernat*. Die tendens by subkorpus B is weer dat die verskynsels meer met kos te doen het: *muishonger* en *heuning-bitter*. Die laasgenoemde skepping is nie so duidelik nie, aangesien dit paradoksaal is.

By die alternatiewe spelling van woorde wat die vierde kategorie is, is daar geen korrelasie tussen die twee subkorpusse nie. Subkorpus A bevat slegs vier voorbeelde en die enigste patroon is tussen twee woorde waar daar 'n *i* vooraan verskyn: *iwat* en *ivas*. Subkorpus B het weer meer verskynsels, met nege in totaal. Die eerste patroon wat ek kan identifiseer, is die gebruik van hakies in twee verskynsels: *ag(it)eer* en *s(l)ak*. Die tweede patroon is die spelling van woorde wat naby is aan die fonetiese uitspraak: *dinousorus*, *fokkin* en *swaart*.

Laasgenoemde patroon sluit aan by die vyfde kategorie en dit is die verskynsel van spreektaal. Subkorpus A bevat twee voorbeelde: *ekke* en *sêmaarso*, terwyl subkorpus B drie voorbeelde bevat: *fokkin*, *vroe-iewers* en *sê-nou-net*. Hier is nie regtig 'n herkenbare patroon of tendens nie.

Herhaling is die laaste kategorie van onkonvensionele skryfwyse en hier het subkorpus A slegs twee voorbeelde: *soek-soek* en *suig-suig*. By die een voorbeeld word daar 'n koppelteken gebruik, maar nie by die ander voorbeeld nie. Subkorpus B bevat agt voorbeelde en dit gebeur hier ook dat party voorbeelde koppeltekens bevat en ander nie: *lewe-lewe*, *klip-klip*, *is-is-spasie*, *kielie-kielie-dood*, *wie-wie-wie*, *lig-lig*, *praatpraat* en *skaamlaggielaggie*. Breytenbach speel by subkorpus B meer met herhaling deur party woorde meer as twee keer in een voorbeeld te laat verskyn.

Volgens die kwalitatiewe data wat in *Met ander woorde* (1973) (tydperk A) en ('Yk') (1983) (tydperk B) gevind is, bevat tydperk B meer voorbeelde van onkonvensionele skryfwyse as tydperk A.

Tydperk A bevat vyf voorbeelde van onkonvensionele skryfwyse:

1. In gedig nr. 13 word die laaste reël nie links belyn soos die res van die gedig nie.
2. In gedig nr. 17 word die adjektief *rooi* na die s.nw. *vlag* geskryf: met 'n vlag rooi/oorwinning (r.7 & 8); met 'n sjerpa met 'n vlag rooi besinning (r.15); met 'n vlag rooi versinsels! (r.19).

3. Gedig nr. 29 is onkonvensioneel in dié sin dat dit net uit twee reëls (elk net een woord) bestaan en die woorde is elkeen 'n nuutskepping: *ekreksie* (r.1) en *ekstasme* (r.2).
4. Gedig nr. 30 is ook onkonvensioneel met betrekking tot die vorm, aangesien dit net genommer is en die gedig uit geen woorde bestaan nie.
5. In gedig nr. 45 is daar 'n dubbelpunt reg aan die begin, wat ongewoon is: “:is klaps par gel te nar?” (r.1). Verder raak die gedig ongewoon met die sogenaamde vermenging van tale. Die gedig is nie in konvensionele Afrikaans geskryf nie, maar lesers sal dalk tekens van Afrikaans kan herken. Breytenbach speel egter met spelling en dit is 'n uitdaging om die betekenis van die gedig te verstaan.

Tydperk B het sewe voorbeelde van onkonvensionele skryfwyse:

1. In die gedig “huis toe” (7) skryf Breytenbach *gevangenis* as “gevangenis” (r.24 & 25) en die gedig eindig op 'n dubbelpunt.
2. In die gedig “Sondag 8 Februarie berig” (19) is dit interessant om te let op die laaste reël, waar hy skryf “3 jaar 9 mde 18 dae minus of plus –”. Hierdie opnoem van aspekte van homself is betekenisvol volgens Crous (2015:39), “... want daardeur verset hy hom teen die depersonalisering waarmee sy gevangenisskap gepaard gaan” en “hy is ook pertinent bewus van hoe lank hy nog in die gevangenis moet deurbring, voordat hy vrygelaat word”. Die omkering van die algemene stelwyse, “plus of minus”, kan moontlik verband hou met sy verset.
3. Die gedig “uurregister / kontinuum / insekboek / ghazals” (56) is onkonvensioneel aangesien die gedig nie 'n titel het nie – hierdie is die eerste reël van die gedig. Verder verskyn die woord *komma* in reëls 4 en 9, met *dubbelpunt* in reël 12, terwyl : wel in ander dele van die gedig verskyn.
4. “Taai Mahal” (66) se titel is onkonvensioneel, aangesien dit 'n speling is op die Taj Mahal.
5. Die titel “klippespel/causerie” (84) is onkonvensioneel, omdat die titel in Afrikaans en in Engels verskyn. Die titel suggereer volgens Tait en Van Vuuren (2017:164) 'n “verwantskap tussen die twee oënskynlik nie-verwante soorte vermaak: die een met klippe (vermaak van kinders of arm mense, miskien bandiete?) en die ander met woorde ('causerie' as 'n gesellige literêre praatjie, suggereer 'n soort uitgelesenheid)”.

Die tendens by tydperk A is dus dat die onkonvensionele verskynsels meestal met die lyf van die gedigte te doen het. In tydperk B is die tendens weer te vinde by die titels wat meestal onkonvensioneel is, soos gesien by 3., 4. En 5.

By die onkonvensionele skryfwyse se kwantitatiewe data stem die ná-tronkpoësie en latere poësie ooreen soos gesien in tabel 3, aangesien beide tydperke amper dieselfde aantal verskynsels bevat. Beide tydperke se subkorpusse het geen voorbeelde van intensiewe vorme nie, maar bevat wel sewe voorbeelde van alternatiewe spelling en twee voorbeelde van spreektaal. Subkorpus C bevat 26 voorbeelde van herhaling teenoor subkorpus D se 25; subkorpus C bevat 24 voorbeelde van afleidingsvorme teenoor D se 20; en by die voorbeelde van herhaling het subkorpus C tien en subkorpus D nege – die verskille is dus minimaal.

Tabel 3. Kwantitatiewe data van onkonvensionele skryfwyse

	Subkorpus A	Subkorpus B	Subkorpus C	Subkorpus D
Koppelteken	31	29	26	25
Afleidingsvorme	18	15	24	20
Intensiewe vorme	5	3	0	0
Alternatiewe spelling	4	9	7	7
Spreektaal	2	3	2	2
Herhaling	2	8	10	9

By die kwalitatiewe data verskil al vier tydperke met betrekking tot onkonvensionele skryfwyse soos gesien in Tabel 4. Tydperke C en D stem ooreen in dié sin dat beide tydperke die minste voorbeelde van onkonvensionele skryfwyse bevat.

Tabel 4. Onkonvensionele skryfwyse se kwalitatiewe data

	Subkorpus A	Subkorpus B	Subkorpus C	Subkorpus D
Aantal voorbeelde van onkonvensionele skryfwyse	5	7	4	2

5.2 Nuutskeppings

By die nuutskeppings se kwantitatiewe data is daar twee temas wat in al vier subkorpusse voorkom (kleur en natuur), maar daar is 'n derde tema (taal) wat slegs in subkorpus C en D voorkom. Die verskil tussen die tydperke is duideliker by die kwalitatiewe data, waar tydperk A vyf nuutskeppings bevat, tydperk B 71, tydperk C 15 en tydperk D 15. Weer eens stem die laaste twee tydperke meer ooreen en die grootste verskil is tussen die eerste twee tydperke. In elke subkorpus is daar 60 nuutskeppings of nuwe samestellings gesoek en in tabelvorm hier onder geplaas.

Tabel 5. Nuutskeppings van subkorpus A en subkorpus B

Subkorpus A			
plaveistrate	geuite	hartsugte	loerslaap
olierook	leeggebloei	sêstap	glasgroen
spraaktaaie	stuccohuis	goudkuste	nie-kleur
slagplekke	visgraat-stemmetjie	seisoengids	inkhart
papegaaiigheid	oopbloeiende	ontliggaamde	afgespitte
blomdiere	aangenestel	spieëlsale	melaatsagtige
oggendgesang	totrus	waspopvrou	beendig
strykpyn	skraapvlerk	klopping	boomkennis
laaiivol	opstalkaskasse	sontapyt	skroeflemme
naggebede	beddoek	heuningswart	motorvoete
maanbed	wurmpoeding	reuseblom	varsgeploegde
lotuser	seeblommetjies	gedoefdaf	kraainesoë

Subkorpus A			
gevuise	witmaan-hoë	waterswaar	seilslakke
sakdoekvlies	droomwandelaar	groeisap	handbewe
wandelganger	saterdagagtermiddae	reënvensters	beroepsvlugteling

Subkorpus B			
toegesneeude	nagdiens-lid-in-bevel	oopgesnater	bitterproe
sluipbesluit	vioolvoelers	stofgedoop	sterre-angs
flardstondes	mummie-van-die-nag	liefdesverdrone	miskyk-miskien
saamsnoerpassies	reusevlerk	kerfskrif	yspaleis
glasgroen	waardgelders	winterrook	roosvoorskooie
entmaan	grondpas	aandsterf	sêmaar
kom-klop	medelyke	kuiflek	ooplepel
buurmaan	skedelontbind	boeklengte	vetjaar
pikwitte	towervlug	appelspel	houtvis
fronsnate	nooit-onthou	sifjaart	liesnat
liefdadigheidsaksies	oopwaaier	troeteldeel	pilaargange
voëlvlug	boodskapklou	hartboei	mossiesjinees
rooieuk	mensplooi	boomkennis	swaardwater
seepuntster	skandedaadjies	huwelikstoet	seewit
ligverdowende	beenkissie	vrouevleis	vasgespin

In beide subkorpusse is daar twee temas geïdentifiseer. Kleur is die eerste tema wat by beide subkorpusse voorkom. In subkorpus A verskyn *nie-kleur*, *inkhart*, *heuningswart* en *witmaan-hoë*. In subkorpus B verskyn *rooieuk* en *seewit*. *glasgroen* kom in beide subkorpusse voor.

Die natuur is die tweede tema wat in beide korpusse gevind word. In subkorpus A verskyn *seisoengids*, *papegaaigheid*, *blomdiere*, *sakraapvlerk*, *boomkennis*, *sontapyt*, *maanbed*, *wurm-poeding*, *reuseblom*, *seebloemetjies*, *kraainesoë*, *witmaan-hoë*, *waterswaar*, *seilslakke* en *reënvensters*. In subkorpus B verskyn *toegesneeude*, *sterre-angs*, *winterrook*, *roosvoorskooie*, *entmaan*, *grondpas*, *aandsterf*, *buurmaan*, *appelspel*, *houtvis*, *mossiesjinees*, *boomkennis*, *swaardwater* en *seewit*. *Boomkennis* kom in albei korpusse voor.

Uit die kwalitatiewe data wat uit *Met ander woorde* (1973) (tydperk A) en ('Yk') (1983) (tydperk B) gevind is, het tydperk B meer voorbeelde van nuutskeppings as tydperk A. Tydperk A bevat net sewe nuutskeppings, terwyl tydperk B 81 nuutskeppings bevat.

Tabel 6. Nuutskeppings van tydperk A – *Met ander woorde* (1973)

Gedignaam/eerste reël	Samestelling/nuutskepping	Reël
alles gaan om my aan	ook-ek	3
aanhoudende beweging	vrylyf	3
jy droom jy sit en jy sit	kussingvleis	6
wanneer ek sterf	verslindende	5
ek sing vir jou	wond-van-liggaam	3

Die oorheersende tema van die nuutskeppings in tydperk A is dié van die liggaam.

Tabel 7. Nuutskeppings van tydperk B – ('Yk') (1983)

Gedignaam/eerste reël	Nuutskepping/samestelling	Reël
huis toe	bloublou	3
	ie	5
	binnein	6
	valkse	11
	pitvreugies	12
	ping-ping-sing	19
	bekelemming	21
wanneer gedig	ontskeed	4
	woos snoord	29
	uid	30
Sondag 8 Februarie berig	binne-ooglede	8
	kringbeen	19
	wakkerluiklok	23
	skielikpyn	24
	dinkskure	24
	geson	47
	sambreeldenkruin	54
	blewe	54
	rookruspe	55
	bespiegel-waggel	61
	die-as-afdraai	62
metabolies	tungstenstawe	4
	dartelhang	6
	blaarskuitjies	7
feedback	oorsprongkolk	16
	komperseine	23
	blindedom	33
	kernsiek	40
	sterrespuim	42
nekra	nekra	titel
	ploe	8
	isserigheid	11
	pêrelmoeder	23
	prismeeet	26
	langana	27
	is-is-spasie	30
vestigies	vestigies	titel
	sotesê	9
jantra	jantra	titel
	sati-kleure	5
	skulpste	9
	wu wei wu wei	19
	godgelapte	20

Gedignaam/eerste reël	Nuutskepping/samestelling	Reël
ander opstande koue vuur en vlam	ressorbeer	7
	lyfhê	10
	griffels	12
72 maande reeds woon ak in die winter	ak	1, 32
	witspuit	16
	ekstase-verlange	16
ek is 'n murmelhuisie	murmelmuisie	1, 22
	môrewaai	8
	oumansbaard	10
	huttehutte	14
vir Dirk Opperman, die 28ste Oktober 1979	catavina	4
Taai Mahal	slakkegang	1
	hakkehang	4
	omloophuis	6
	sooltong	7
	skitterskroei	11
	ophou-bewe	11
	kalklabirint	13
wat tel	wurmdrol	3
	aasbeen	4
hulle sal kom	stampplaas	10
	alkies	12
	protes-proestende	25
mistige weervoorspelling	baardbekke	1
	bebrombaardes	11
	ontkorste	14
Isis	blomooptluit	36
	roof-roof	39

Nie al die nuutskeppings in tydperk B val onder hierdie tema nie; daar is 'n paar nuutskeppings wat deel vorm van die oorheersende tema van die natuur: *geson*, *rookruspe*, *blaarskuitjies*, *sterrespuim*, *pêrelmoeder*, *skulpste*, *slakkegang* en *wurmdrol*.

Die vroeër poësie se nuutskeppings staan dus in kontras met die tronkpoësie. In die eerste tydperk kyk Breytenbach na homself en skryf oor die liggaam, terwyl hy in die tweede tydperk meer na buite hunker en dus verder kyk as homself. Dis asof die grense verskuif word vanaf die liggaamlike en die skrywer na die buitewêreld en die denke. Dit is ironies, aangesien Breytenbach in die eerste fase meer van die buitewêreld beleef het as in die tweede. Die hunkering na buite kom tydens die tronkpoësie-fase na vore. Nog 'n verdere bewys van die hunkering na dit wat buite sy sel is, is die “bewuswees van andere wat ook in die gevangenis aangehou word en vir wie hy hoor sing of wie se stemme hoorbaar is deur die mure” (Crous 2015:38). In die gedig “vir die sangers” (*Die ongedanste dans* 2005:26–8) beskryf Breytenbach sangers wat sing “asof [h]ulle lewens daarvan afhang”. Crous (2015:32) sê verder met die lees van Breytenbach se tronkpoësie dat “die leser egter bewus [word] van die invloed wat die afsondering en die inperking in die tronk op Breytenbach se werk gehad het. Woorde soos ‘sel’

en ‘gevangene’ word deurlopend gebruik en etlike gedigte verwoord die geïsoleerde bestaan van die digtende subjek wat smag na vryheid buite die inperking van die gevangenis”.

Rakende tronkwerke skryf Van Vuuren (2009:51): “Consciousness of the restrictedness of the prison cell and the absence of the unrestricted ‘outside’ is thus a central idea in all prison writing”. Die gevangene soek volgens Van Vuuren (2009:51) op verskeie maniere na nuwe ruimtes waarbinne hy kan beweeg, of dit nou binne die geheue, assosiatiewe stroom, drome of die skryfhandeling is, soos in die geval van die tronkdigter. Die skakel tussen Breytenbach se nuutskeppings en Van Vuuren se waarneming het te make met die aantal nuutskeppings. Breytenbach het soveel meer nuutskeppings in die tronk gemunt as buite die tronk (soos blyk uit die kwalitatiewe datastel) en die redenasie daaragter kan wees dat, soos Van Vuuren noem, die gevangene gehunker het na die skepping van nuwe spasies. Breytenbach het in hierdie skeppingsproses nie net nuwe ruimtes vir homself geskep nie, maar amper ’n hele nuwe woordeskat. Hierdie idee word verder ondersteun deur die oorheersende tema wat voorkom in Breytenbach se nuutskeppings tydens tydperk B – naamlik die natuur en dus nuwe ruimtes.

5.3 Interpunksie

Oor die gebruik van interpunksie oor die laaste dekades skryf De Lange (2000:21): “Sedert die sestigerjare het digters leestekenloosheid in die poësie toenemend ondiskriminerend begin gebruik”. Breytenbach het dit volgens De Lange (2000:21) funksioneel gebruik: “Gekombineer met sy eiesoortige sintaksis het dit die verskillende leesmoontlikhede en daarmee saam ook die betekenisloading van elke versreël verhoog” en “dit sorg daarvoor dat die gedig meer gedronge en ekonomies is”.

Die interpunksie se data is verkry deur na die top-20-SWIK te kyk en met die hand die aantal interpunksie te tel wat langs elke woord verskyn. Die interpunksie moet langs die woord staan (links of regs) en dus nie slegs in die reël verskyn nie. Daar is bevind dat subkorpus A 212 voorbeelde van interpunksie langs die SWIK bevat. Die meeste interpunksie kom by die sleutelwoord *ek* voor, met 58 gevalle.

Wat interessant is by subkorpus B is dat een van sleutelwoorde “/” is en dit op sigself klassifiseer as interpunksie. Die totale voorkoms van interpunksie by subkorpus B is 333. Die meeste interpunksie kom by *ek* voor, met 67 gevalle.

Subkorpus B bevat dus aansienlik meer voorbeelde van interpunksie as subkorpus A. Waar die twee subkorpusse wél ooreenstem, is dat beide se sleutelwoord wat die meeste interpunksie daarlangs het, die woord *ek* is. Breytenbach is aan die begin van sy skrywersloopbaan gekritiseer oor hoe dikwels hy *ek* gebruik het en die feit dat *ek* in beide subkorpusse ’n sleutelwoord is met die meeste interpunksie daarlangs, wys dat dit ’n woord is wat vir hom van belang is/was. Ons sien later in die data dat Breytenbach meer vrye vers in die vroeër poësie gebruik het, teenoor die sterker vorms en strukture van die tronkpoësie. Die gebruik van meer interpunksie dra ook in ’n mate by tot die sterker strukture wat in die tronkpoësie verskyn. Ek spekuleer dus na aanleiding van die data dat Breytenbach moontlik tydens die stresvolle periode van sy gevangenisskap na standvastigheid gehunker het en dit blyk uit die gebruik van meer interpunksie.

By die kwantitatiewe data rakende die interpunksie is daar aansienlike verskille tussen die vier tydperke soos gesien in Tabel 8.

Tabel 8. Aantal voorbeelde van interpunksie uit top-20-sleutelwoordelys

	A	B	C	D
Aantal interpunksie	212	333	89	146

5.4 Lengte van gedigte

Daar word aansienlike verskille opgelet wat betref die lengte van die gedigte, en die verskille (oftewel koëffisiënt van verskeidenheid) sien só daar uit:

Tabel 9. Koëffisiënt van verskeidenheid

	A	B	C	D
Koëffisiënt van verskeidenheid	99,63%	61,41%	64,24%	79,07%

Tydperk A bevat dus die grootste verskeidenheid in gediglengte teenoor die ander drie tydperke, met die grootste persentasieverskil wat voorkom tussen die eerste twee tydperke. Dus is dit weer eens van waarde om die eerste twee tydperke te ontleed, aangesien hulle die meeste verskil.

Tabel 10. Lengte van gedigte in tydperk A en tydperk B

Tydperk	Kortste gedig	Langste gedig	Gemiddelde lengte	Standaard-afwyking	Koëffisiënt van verskeidenheid
A	0	33	8,15	8,12	99,63%
B	10	85	34	20,88	61,41%

Die koëffisiënt van verskeidenheid dui aan hoe die data om die gemiddeld versprei is. Hoe hoër die getal is, hoe meer verspreid is die data om die gemiddeld. Dus is die data nie eenvormig versprei nie en die gemiddeld is nie 'n goeie verteenwoordiger om die getalle te vergelyk nie. Die getal is op Microsoft Excel verkry.

Ek het die lengte van die gedigte met die hand getel, aangesien die lengtes nie op LancsBox verkry kan word nie. Daarna is die standaardafwyking en koëffisiënt van verskeidenheid op Microsoft Excel verkry. Die langste gedigte van tydperk A en B verskil aansienlik. Tydperk B se langste gedig is 52 reëls langer as tydperk A se langste gedig. Die koëffisiënt van verskeidenheid wys egter dat Breytenbach se gedigte tydens tydperk A 'n groter verskeidenheid in lengte toon as tydens tydperk B. Die lengte van die gedigte verskil dus grootliks. By beide tydperke is daar wel 'n groot verskeidenheid in gediglengte, aangesien beide persentasies hoog is. Tydperk A het net nog 'n groter verskeidenheid in gediglengte as tydperk B.

Soos vroeër genoem, moes Breytenbach tydens die tronkperiode sy poësie aan die gevangenis-oowerheid oorhandig. Daar is dus deur sy werk gelees. Die tronkbundels is soos Van Vuuren (2006a) sê moeilik om te lees – by tye ondeurdringbaar en obskuur. My afleiding is dat die lengte van sy gedigte moontlik bydra tot hierdie ondeurdringbaarheid. Hy het dalk met opset die gedigte lank en obskuur geskryf om die owerhede te flous as hy oor politieke temas geskryf het.

5.5 Strofebou

Die data by strofebou is slegs kwalitatief verkry. In tydperk A kom meestal vrye vers voor, terwyl tydperk B meestal paarrym bevat, wat dus aandui dat B meer reëls met rym bevat. Volgens De Lange (2000:21) is rym “stellig die eienskap wat die meeste met die poësie geassosieer word”. Rym moet volgens De Lange (2000:21) nie net as klankverskynsel gesien word nie, aangesien dit ook ’n semantiese of assosiatiewe funksie kan hê: “geel wat in die eindposisie kan rym met maan, of rooi met wond”.

Tydperk A se vrye vers is meestal te danke aan die invloed van die Franse surrealistes, Nederlandse Vyftigers (Lucebert, Kopland, ens.) en die Ooste (die Zen-Boeddhistiese instelling en lewensbeskouing wat Breytenbach volg). Van Vuuren (2006a:49) sê: “Ballingskap is ’n sentrale troop in dié surrealistiese vrye verse, gebou om die sentrale spanning tussen ‘hier’ (Parys) en ‘daar’ (Suid-Afrika, veral die Boland waar hy grootgeword het)”. De Lange (2000:21) sê weer: “Die vryheid van die vrye vers is werklik net ’n skynvryheid, ’n mirage”.

Soos vroeër genoem, speel Breytenbach volgens Van Vuuren (2006a:47) tydens tydperk B meer “met tradisionele vorme soos die sonnet, wat met sy voorgeskrewe reëls die ingeperktheid en van-buite-opgelegde dissipline van die tronk weerspieël”. Die feit dat hy meer met formele vorms in gesprek tree, het tot gevolg dat daar meer formele rymskemas ter sprake is en dus meer reëls is wat rym, soos wat deur die kwalitatiewe data uitgewys word.

5.6 Tipe-teken-ratio

Die laaste datasetel waarna in hierdie artikel gekyk word is tipe-teken-ratio (TTR), wat slegs kwantitatief bereken is. Die TTR is op LancsBox bereken. Tipe-teken-ratio gaan oor die leksikale rykheid van tekste. Weer eens is die grootste verskil tussen die eerste twee tydperke en is die vergelyking hier van waarde. Die getalle lyk as volg:

Tabel 11. Die tipe-teken-ratio van elke subkorpus

	A	B	C	D
Tipe-teken-ratio	13,6	23,5	20,2	20,5

Subkorpus B het ’n hoër TTR (23,5) as subkorpus A (13,6). Subkorpus B het dus ’n groter verskeidenheid in woordeskat as subkorpus A. Subkorpus A is nie so leksikaal ryk soos subkorpus B nie. Meer leksikale verskeidenheid by subkorpus B kan dui op die obskureit wat vroeër genoem is en kan bydra tot die feit dat baie van die gedigte ondeurdringbaar is en dus moeilik is om te lees. Breytenbach het ook aansienlik meer gedig tydens die tronkfase as die vroeër fase, soos wat duidelik is by die hoeveelheid tekens (“tokens”): subkorpus B (110 916) het baie meer tekens as subkorpus A (98 136). Daar is heelwat moontlike redes daarvoor, soos dat hy baie meer tyd gehad het om te skryf, maar ook op ’n sielkundige vlak het skryf hom gehelp: “As politieke gevangene vorm die skryfsak vir die digter ’n reddingsboei” (Tait en Van Vuuren 2017:186). “Poetry functions as a lifeline to him in jail; he calls it the ‘syllabic cord’ with which he is linked to ‘outside’, to life and experience” (Van Vuuren 2009:53).

Oor die inhoud sê Van Vuuren (2009:50) dat hy oor ’n verskeidenheid temas geskryf het: “One would expect motifs to change depending on the poet’s circumstances (whether in confinement or with access to the prison community) and his psychological state”. Verder sê Van Vuuren

(2009:50): “It is noticeable in all collections of prison poetry by individual poets that nowhere does one only find political poems, but these are always intermingled with other themes and motives, often of a more personal nature, such as love, poetry, memories of happier times, and even verses on the art of writing”. Hierdie verskeidenheid temas dra alles by tot die leksikale rykheid van die tekste en dus maak dit sin dat die tronkpoësie leksikaal ryker is as die vroeëre poësie.

6. Gevolgtrekking

In hierdie artikel word daar slegs na die eerste twee tydperke gekyk, aangesien daar ’n verskuiwing is in die data vanaf die eerste na die tweede tydperk. Die laaste twee tydperke toon weer meer ooreenkomste, maar deel ook nie die gevolgtrekking van die eerste twee tydperke nie.

In hierdie artikel is die vroeë poësie en tronkpoësie van Breyten Breytenbach vergelyk in terme van die styl binne ses kategorieë: onkonvensionele skryfwyse, nuutskeppings, interpunksie, lengte van gedigte, sowel as strofebou en tipe-teken-ratio. Daar is bevind dat die twee tydperke aansienlike verskille in styl toon. Tait en Van Vuuren (2017) het gesê dat Breytenbach se korpus van gedaante verander soos wat sy digterlike fokus, biografiese omstandighede en gemoedstoestand verander en hierdie data uit die vergelyking van die twee tydperke is bewyse daarvan. Oor die tronkpoësie sê Van Vuuren (2009:52): “The poetry is also very ‘writerly’, with a high concentration on the word - also the words of other poets. This high ‘writerliness’ is most concentrated especially in *Lewendood* and *Buffalo Bill*, the two collections written during his two-year long period of solitary confinement”.

Uit die onkonvensionele skryfwyse kan die gevolgtrekking gemaak word dat, alhoewel die aantal verskynsels ooreenstem by die kwantitatiewe datastel, die inhoud van die verskynsels redelik verskil. Daar is verskille in temas en elke subkorpus het ’n unieke tendens of patroon. By die kwalitatiewe data het tydperk A meer onkonvensionele tipografie, terwyl tydperk B weer meer onkonvensionele gedigitels bevat.

Met betrekking tot die nuutskeppings waarmee Breytenbach vorendag gekom het, is daar by die kwantitatiewe data ’n tendens opgemerk dat hy in beide subkorpusse meestal die natuur as tema gebruik. By die kwalitatiewe data is gevind dat tydperk B baie meer nuutskeppings bevat as tydperk A. Tydperk A gaan tematies meestal oor die liggaam, terwyl tydperk B meestal te make het met die natuur.

By subkorpus B kom daar baie meer interpunksie by die SWIK voor as by subkorpus A. Die SWIK in beide korpusse wat die meeste interpunksie daarlangs het, is *ek*. By die strofebou bevat tydperk A meer vrye vers en tydperk B meer paarrym. Daar is dus meer vaste rymskemas tydens die tronkperiode gebruik en dit weerspieël volgens Van Vuuren (2006a) Breytenbach se ingeperktheid. Tydperk A en C stem die meeste ooreen, aangesien vrye vers meestal voorkom, terwyl tydperk B en D weer ooreenstem ten opsigte van paarrym, wat meestal voorkom.

Breytenbach het in tydperk A gedigte met ’n groter verskeidenheid in lengte geskryf as in tydperk B. In beide tydperke is daar wel ’n groot verskeidenheid in gediglengte. Tydperk B se werke is beskryf as obskuur en ondeurdringbaar en die lang gedigte kan moontlik tot hierdie

ienskappe bydra. Die TTR wys dat subkorpus B leksikaal ryker is as subkorpus A. Die gebruik van 'n klomp verskillende woorde dra ook moontlik by tot die obskureit en ondeurdringbaarheid van die tronkperiode se gedigte, net soos wat die lengte van gedigte 'n invloed gehad het. Die feit dat daar ook soveel meer nuutskappings in die tronkpoësie voorkom as in die vroeër poësie, dra by tot die leksikale rykheid van die tweede fase.

Breytenbach het 'n traumatiese ervaring deurgemaak en vir 'n hele paar jaar in stresvolle lewensomstandighede gelewe. Sy hele oeuvre is dus uiteenlopend en ook onvoorspelbaar, volgens Tait en Van Vuuren (2017:186): “Niks is egter voorspelbaar of eenselwig in hierdie oeuvre nie, soos by enige groot kunstenaar”. Daar was 'n groot verlies aan vryheid, aan tyd en aan sy lewe soos wat hy dit geken het. Hierdie traumatiese ervaring laat 'n mens wonder wat en hoe groot die impak op die inhoud en styl van sy werk was, aangesien hy deur so 'n groot verandering gegaan het.

Daar is vier soorte laatwerk en ek vermoed dat Breytenbach se poëtiese oeuvre 'n mengsel van die tweede en vierde soort laatwerk kan wees. Daar is elemente van fragmentasie, ballingskap en onvoldoende samehang (tweede soort), sowel as medemenslikheid, vryheid en transformasie (vierde soort) in sy oeuvre. Die vergelyking van die stylelemente van die vroeë en tronkpoësie wys hoe vasgevang Breytenbach in die tronk was, maar ook in watter kontras dit staan met die vryheid wat hy gehad het voor die tronkfase voordat hy dit natuurlik besef het. Hierdie vryheid sal verder gemeet kan word in die na-tronkfase en latere fase wat in my groter studie ontleed word. Aangesien sy oeuvre so groot is en oor so 'n lang tydperk strek, vermoed ek dat dit heel moontlik is dat daar sprake van meer as een soort laatwerk kan wees.

Bibliografie

- Bosman, N. 2015. EET en DRINK in Afrikaans – 'n leksikaal-semantiese ondersoek. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 55(1):123–46.
- . 2020. Bewegingswerkwoorde in Van Wyk Louw se poësie. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 60(2):395–412).
- Breytenbach, B. 1973. *Met ander woorde. Vrugte van die droom van stilte*. Kaapstad: Buren.
- . 1983. (*Yk*). Emmarentia: Taurus.
- . 2001. *Ysterkoei-blues. Versamelde gedigte (1964–1975)*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- . 2005. *Die ongedanste dans: Gevangenisgedigte 1975–1983*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- . 2016. *Die singende hand: Versamelde gedigte 1984–2014*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Brezina, V., P. Weill-Tessier en A. McEnery. 2021. #LancsBox v. 6.x. [sagtewarepakket].
- Crous, M. 2015. Breyten Breytenbach se uitbeelding van die gevangenis. *Tydskrif vir Letterkunde*, 52(1):31–44.

De Lange, J. 2000. Hoe om (soos iemand anders) te skryf: Oor vakmanskap en die skryf van gedigte. *Literator*, 21(2):17–23.

Galloway, F. 1990. *Breyten Breytenbach as openbare figuur*. Pretoria: Haum-Literêr.

—. 2004. “Ek is nie meer een van ons nie”: Breyten en die volk. *Tydskrif vir Letterkunde*, 41(1):5–38.

—. 2012. Grepe uit die uitgeegesiedenis van Breyten Breytenbach. LitNet.
<https://www.litnet.co.za/grepe-uit-die-uitgeegesiedenis-van-breyten-breytenbach>
(5 April 2024 geraadpleeg).

Joubert, I., C. Hartell en K. Lombard. 2016. *Navorsing: 'n Gids vir die beginnervorsers*. Pretoria: Van Schaik Uitgewers.

Lourens, A. 2017. Die toepassingsmoontlikhede van die teoretiese gesprek oor laatwerk: 'n ondersoek van die oeuvre van Pirow Bekker. *Stilet*, 29(2):73–94.

McEnery, T., R. Xiao, en Y. Tono. 2006. *Corpus-based language studies: an advanced research book*. Londen: Taylor & Francis.

Nel, M. en J. Olivier. 2018. Multimodale idiolektiese taalgebruik en skrywerskapverifikasie: 'n korpusontleding van Joan Hambidge se idiolek oor die grense van genres. *LitNet Akademies*, 15(3):382–429.

Ngula, R. 2018. Corpus methods in language studies. In Olajide (red.) 2018.

Olajide, S.B. (red.). 2018. *Perspectives on conducting and reporting research*. Ghana: University of Cape Coast Press.

Pharos Aanlyn. 2023. <https://www.pharosonline.co.za> (20 Mei 2023 geraadpleeg).

Said, E.W. 2007 [2006]. *On late style. Music and literature against the grain*. New York: Vintage Books.

Tait, C. en H. van Vuuren. 2017. Die verjaardagversritueel in Breyten Breytenbach se oeuvre: 1964–2014. *Stilet*, 18(1):149–92.

Van Rooy, B. en H. Kruger. 2016. Faktore wat die weglating van die Afrikaanse onderskikker *dat* bepaal. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 56(1):102–16.

Van Vuuren, H. 2006a. Die taal asyn aan die lippe: 'n oorsig van Breyten Breytenbach se poësie-oeuvre. *Tydskrif vir Letterkunde*, 43(2):46–56.

—. 2006b. Tussen “Grense” en “Groot ode”. 'n Klein essay oor die poësie van NP Van Wyk Louw (1906–1970). *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 46(3):279–90.

—. 2009. Labyrinth of loneliness: Breyten Breytenbach's prison poetry (1976–1985). *Tydskrif vir Letterkunde*, 46(2):43–56.

—. 2011. “’n Almanak van klippe”: Laatwerk en Breyten Breytenbach se *Die beginsel van stof* (*laat-verse, sprinkaanskaduwees, aandtekeninge*). *LitNet Akademies*, 8(3):461–86.

Viljoen, L. 1988. Breyten Breytenbach se (*Yk*): ’n Semiotiese ondersoek. Ongepubliseerde doktorsale proefskrif. Stellenbosch: Universiteit Stellenbosch.

—. 2014. *Die mond vol vuur*. Stellenbosch: SUN PRESS.

Woordeboek van die Afrikaanse Taal. 2023. <https://woordeboek.co.za> (20 Mei 2023 geraadpleeg).

Eindnota

¹ Breytenbach se bundels is met toestemming van NB-Uitgewers geskandeer. Die tekste is skoongemaak met die hulp van Universiteit Pretoria (UP) se Digitiseringsnode wat as deel van die SADiLaR-projek (www.sadilar.org) in die Departement Afrikatale gehuisves word.